



# GRONDWET VAN DIE HOËVELD VOËLKLUB

## A. NAAM:

Die naam van die Klub sal wees “**Hoëveld Voëlklub**”.

## B. ALGEMENE DOELSTELLINGS

1. Die primêre doelstellings van die Klub is om enersyds na die welstand van voëls wat vir teëldoeleindes aangehou word om toe te sien en om hul voortbestaan te verseker en andersyds om die belangstelling in voëlteling aan te moedig, die belange van voëlboere/voëlboerderye te beskerm, te bevorder, te koördineer, en te bedryf. Verder sal die Klub registreer as 'n nie-winsgewende organisasie by die Ontvanger van Inkomste.
2. Om die voëlteler te beskerm teen onredelike regulasies van owerhede, rade en/of munisipaliteite.
3. Om met Natuurbewaring saam te werk en alles moontlik te doen om die oortreding van natuurbewaringswette/regulasies te voorkom.
4. Om wetgewing in verband met sake wat in die beste belang van voëlteler te bevorder, aan te moedig, en om met Staats-, Provinsiale-, Streeks- en Plaaslike Owerhede en/of administratiewe liggame in hierdie verband saam te werk.
5. Om te assosieer of saam te werk met enige ander organisasie/vereniging binne of buite die Republiek van Suid Afrika wat doelstellings nastreef wat met dié van die Klub ooreenstem.
6. Om enige oneerlikheid en bedrog in die bedryf met wortel en tak uit te roei en streng op te tree teen lede wat hulle daaraan skuldig maak.
7. Om die voorkoms van hoogs aansteeklike siektes onder voëls te bekamp en die nodige ondersteuning aan lede te verskaf.
8. Om enige ander stappe na goëddunke te doen wat nie strydig met hierdie Grondwet is nie en wenslik geag word om die belange van die Klub te beskerm en/of te bevorder.

## C. LIDMAATSKAP EN LIDMAATSKAPGELDE

9. Lidmaatskap is oop vir enige persoon wie se optrede tot voordeel van die voëls strek waarmee hy/sy boer.

Persone kan op die volgende lidmaatskapvlakke tot die Klub behoort:

### 10. Volle lid:

- a. Ten einde 'n volle lid van die Klub te word, moet die persoon 'n teler/eienaar/liefhebber van voëls wees.
- b. 'n Volle lid moet 18 (agtien) jaar of ouer wees.
- c. Elke volle lid het een stem.

### 11. Junior lid:

- a. Ten einde 'n junior lid van die Klub te word, moet die persoon 'n teler/eienaar/liefhebber van voëls wees.
- b. Junior lid moet jonger as 18 (agtien) jaar wees.
- c. Intreegeld sowel as ledegeld van juniorlede sal 50% (vyftig) van 'n volle lid se gelde wees.
- d. Junior lede sal geen stemreg hê nie.

### 12. Familiegroep:

- a. Om familiegroep lidmaatskap van die Klub te verkry, moet hulle telers/eienaars/liefhebbers van voëls wees.
- b. Intreegeld is dieselfde as vir volle lidmaatskap.
- c. Ledegeld is dieselfde as volle lidmaatskap.
- d. Familiegroep beskik slegs oor een stem en moet deur 'n persoon van 18 (agtien) jaar of ouer uitgebring word.

### 13. Aansoek om lidmaatskap is onderworpe aan die volgende vereistes:

- a. Die aansoek is deur twee bestaande lede onderteken.
- b. Die aansoeker onderwerp hom/haar aan die Grondwet, reëls en regulasies van die Klub.
- c. Die Bestuur, volgens eie diskresie, kan enige lidmaatskap aanvaar of weier sonder om enige rede vir dié besluit te verstrek.
- d. Die aansoek om lidmaatskap moet tot die Sekretaris/Sekretaresse van die Klub gerig word.

### 14. Ledegeld:

- a. Op aanbeveling van die Bestuur word ledegeld, sowel as intreegeld jaarliks tydens die Algemene Vergadering bepaal.
- b. Ledegeld is voor of op die 1<sup>ste</sup> dag van die betrokke finansiële jaar betaalbaar.
- c. 'n Nuwe lid wat gedurende die jaar om lidmaatskap aansoek doen, moet volle intreegeld betaal.

**15. Lidmaatskap word beëindig:**

- a. Wanneer 'n persoon weier of nalaat om sy/haar ledegeld te betaal.
- b. Wanneer 'n persoon hom/haar aan wangedrag skuldig maak en die etiese kode dermate oortree dat die Bestuur dit wenslik ag om sy/haar lidmaatskap op te skort.

**D. AMPSDRAERS**

**16. Die Klub maak voorsiening vir die volgende ampsdraers:**

- a. Voorsitter
- b. Ondervoorsitter
- c. Sekretaris/Sekretaresse
- d. Tesourier
- e. Addisionele lid/lede (x 2)

**17. Die verkiesing van bogenoemde ampsdraers vind jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV) plaas.**

**E. BEDRYF EN BESTUUR**

**18. Die bedryf van die Klub sal deur die lede van die Bestuur behartig word. Sou daar enige onsekerheid bestaan rakende die betekenis of interpretasie van enige reël sal die besluit van die Voorsitter finaal en bindend wees.**

**19. Die Bestuur van die Klub sal deur die verkose Bestuur behartig word.**

**20. Die Bestuur word jaarliks op die Algemene Jaarvergadering deur die meerderheid van stemme uit die groep van opbetaalde, aanwesige lede vir 'n periode van 1 (een) jaar verkies.**

**21. Die Bestuur bestaan uit die volgende ampsdraers:**

- a. Voorsitter
- b. Ondervoorsitter
- c. Sekretaris/Sekretaresse
- d. Tesourier
- e. Addisionele lid/lede (minimum van 2 (twee) lede)

**22. Hierdie ampsdraers word voorgestel en gesekondeer deur opbetaalde lede van die Klub met toestemming van die voorgestelde persoon.**

**23. Uittredende lede van die Bestuur mag weer herkies word.**

**24. Enige lid van die Bestuur wat sonder 'n goeie verskoning (wat vir die Voorsitter aanvaarbaar is) by 2 (twee) agtereenvolgende vergaderings afwesig was, sal "ipso facto" ophou om 'n lid van die Bestuur te wees. Die onus berus op die lid om die verskoning(s) onder die aandag van die Bestuur te bring.**

**25. Die verantwoordelikhede van 'n toevallige vakature mag:**

- a. Na 'n ander lid van die Bestuur deur die Bestuur gedelegeer word.

- b. Deurdat die Bestuur voorlopig self die vakature met 'n gekoöpteerde lid vul en sy/haar ampstermyn sal outomaties strek tot en met die volgende Algemene Jaarvergadering, wanneer 'n lid weer herverkiesbaar is soos uittredende bestuurslede.
26. Die Bestuur vergader minstens 1 (een) keer per kwartaal of so dikwels as wat die doeltreffende uitvoering van hulle pligte dit vereis.
27. **Magte en pligte van die Bestuur:**
- a. Die Bestuur beskik, onderhewig aan die algemene beleid van die Klub in terme van die Grondwet, oor alle magte wat deur die Klub se Grondwet bepaal word.
  - b. Die Bestuur sal alle wettige opdragte/instruksies wat tydens ledevergaderings aan hulle opgedra word, uitvoer sover dit praktiese moontlik en uitvoerbaar is en verslag doen aan die vergadering of enige persone die magtiging gee om dit uit te voer.
  - c. Die Bestuur sal, indien nodig, 'n subkomitee aanwys om aandag aan sake te gee waarby die belange van die Klub kan baat.
28. **Die Bestuur belê die volgende vergaderings:**
- a. Minstens 4 (vier) ledevergaderings (insluitende die Algemene Jaarvergadering) per jaar.
  - b. Die Voorsitter mag, indien hy/sy dit nodig ag, in samewerking met die Sekretaris/Sekretaresse, enige vergadering belê.
  - c. Indien 'n skriftelike versoek van enige lid, onderteken deur 2 (twee) lede van die Bestuur, ontvang word, moet 'n spesiale ledevergadering belê word.
29. Die Bestuur mag aanvullende lede met deskundige kennis, of raadgevers/konsultante koöpteer om op die Bestuur te dien en hulle ook met die fondse van die Klub besoldig mits dit bekostigbaar is.
30. Die Bestuur is by magte om huishoudelike reëls op te stel om die praktiese uitvoering van sy pligte te vergemaklik en die administrasie en organisasie binne die Klub vlot te laat verloop.

## **F. MAGTE EN PLIGTE VAN AMPSDRAERS**

31. **Voorsitter:**
- a. Die Voorsitter beklee die hoogste amp in die Klub en beskik oor die hoogste gesag. Die Voorsitter is ook gemagtig om die Klub by ander organisasies te verteenwoordig soos wat hy/sy goeddunk.
  - b. Die Voorsitter neem die stoel tydens alle vergaderings in.
  - c. In spoedeisende gevalle handel die Voorsitter na sy/haar goeddunke, maar sy/haar besluite bly steeds onderhewig aan die uiteindelijke goedkeuring van die Bestuur.
  - d. By staking van stemme het die Voorsitter, naas sy/haar gewone stem, ook 'n beslissende stem.
  - e. Die Voorsitter sal 'n geskrewe verslag oor die jaar se aktiwiteite by die Algemene Jaarvergadering indien en aan die vergadering vir bespreking en goedkeuring voorhou.
  - f. Die Voorsitter kan sy/haar magte en pligte, maar nie sy/haar verantwoordelikhede nie, na goeddunke delegeer.

- g. Tydens bestuursvergaderings het die Voorsitter, behalwe sy gewone stem, ook 'n beslissende stem indien 'n staking van stemme ontstaan.

**32. Ondervoorsitter:**

- a. Die Ondervoorsitter staan die Voorsitter in die uitvoering van sy/haar pligte by en tree by alle vergaderings in sy/haar afwesigheid op as Voorsitter.
- b. In die afwesigheid van, of op versoek van die Voorsitter, sal die Ondervoorsitter in sowel die magte en pligte as die voorregte van die Voorsitter deel.

**33. Sekretaris/Sekretaresse:**

- a. Alle korrespondensie van die Klub word aan hierdie amp geadresseer.
- b. Die Sekretaris/Sekretaresse hanteer al die algemene organisasie en administrasie van die Klub.
- c. Die hou van notules van alle vergaderings van sowel die Klub as die Bestuur.
- d. Die juistheid van alle notules van vergaderings. (Die notule moet deur 'n opbetaalde lid as juiste weergawe van verrigtinge voorgestel word en deur 'n ander lid gesekondeer word (beide lede moes hierdie vergadering bygewoon het) waarna dit deur die Voorsitter en sekretaris onderteken mag word).
- e. Die notule kan na 14 (veertien) dae na 'n vergadering op aanvraag beskikbaar gestel word met dien verstaande dat dit nie 'n "juiste weergawe" sal wees nie.
- f. Die hou van Klub verslae en die veilige bewaring van vergaderingsnotules.
- g. Die uitstuur van kennisgewings van vergaderings moet geskied 14 (veertien) dae voor sodanige vergadering.
- h. Die samestelling van die sakelys (in samewerking met die Voorsitter) vir alle vergaderings.
- i. Die afhandeling van korrespondensie (in samewerking met die Voorsitter).
- j. Die bepaling van die datum, tyd en plek van alle vergaderings (in samewerking met die Voorsitter).
- k. Die stiptelike en spoedige uitvoering van alle opdragte soos van tyd tot tyd deur die Voorsitter en/of die Bestuur aan hom/haar opgedra.

**34. Tesourier:**

- a. Hanteer van geldsake van die Klub.
- b. Hou behoorlik boek van alle inkomste en uitgawes van die Klub.
- c. Is aan die Bestuur verantwoordelik vir alle inkomste en uitgawes en moet gereeld by elke bestuursvergadering in staat wees om rekenskap van die finansiële posisie van die Klub te gee en by elke kwartaallikse vergadering of soos aangevra deur die Voorsitter.
- d. Het die reg om geld ten opsigte van die Klub se rekening(s) vir doeleindes van die Klub te onttrek.
- e. Moet 'n behoorlike geouditeerde staat van inkomste en uitgawes by elke algemene jaarvergadering voorlê.
- f. Moet die Bestuur adviseer ten opsigte van die geldelike administrasie van die Klub.

- g. Moet toesien dat die inkomste/gelde van die Klub slegs vir die bevordering van die doelstellings van die Klub aangewend word.
- h. Moet toesien dat alle transaksies deur die Klub aangegaan per tjek (ooreenkomstig die bepalings ten opsigte van tekenmagte) betaalbaar sal wees.
- i. Tjek(s) is slegs geldig met die handtekeninge van die Sekretaris/Sekretaresse en Voorsitter/Ondervoorsitter. Indien die Sekretaris/Sekretaresse nie beskikbaar is nie, moet tjek(s) deur die Voorsitter en Ondervoorsitter geteken word.

**35. Addisionele Lede:**

- a. Die Addisionele lid/lede is verantwoordelik vir verpligtinge wat deur die Bestuur aan hom/haar/hulle opgedra word en hou direk verband met die doelstellings van die Klub soos uiteengesit.

## **G. VERGADERINGS**

Die volgende punte rakende die Algemene Jaarvergadering (AJV):

- 36. Die Algemene Jaarvergadering van die Klub sal aan die begin van die finansiële jaar, op 'n tyd en plek soos deur die Bestuur bepaal, binne 2 (twee) kalender maande na die einde van die finansiële jaar gehou word.
- 37. Kennisgewings vir sodanige Algemene Jaarvergadering sal stiptelik aan alle lede ten minste 14 (veertien) dae voor sodanige vergadering gestuur word.
- 38. Enige lede wat 'n voorstel/bespreking vir insluiting op die sakelyst van die Algemene Jaarvergadering wil plaas, moet sodanige voorstel skriftelik aan die Sekretaris/Sekretaresse stuur sodat dit hom/haar nie later as 6 (ses) dae voor die Algemene Jaarvergadering plaasvind, bereik nie.
- 39. **Sake wat op die Algemene Jaarvergadering hanteer word, sluit in:**
  - a. Om die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering goed te keur.
  - b. Om die sake voortspruitend uit die notule in behandeling te neem.
  - c. Om die Voorsittersverslag van die afgelope jaar goed te keur.
  - d. Om die finansiële state en balansstate (noukeurig geouditeer) vir die afgelope finansiële jaar te bespreek en goed te keur.
  - e. Om amptenare vir die volgende termyn te kies.
  - f. Om besprekingspunte, wat betyds ontvang is, te behandel.
  - g. Tot tyd en wyl 'n nuwe Voorsitter vir die komende termyn verkies is, sal die dienende Ondervoorsitter die Voorsitterskap behartig.
  - h. Die lede aanwesig sal, ongeag die getal, 'n kworum uitmaak mits alle grondwetlike prosedures aangaande die reël van die betrokke vergadering nagekom is.
  - i. Alle dispute, behalwe die wat verband hou met 'n wysiging van die grondwet of enige klousule daarvan, sal deur 'n meerderheid stemme deur stemgeregtigde lede beslis word. Stemming sal per hand geskied, tensy 'n stemming per geslote stembrief deur 'n meerderheid van die persone aanwesig by die vergadering versoek word. Die Voorsitter sal sowel 'n gewone as 'n beslissende stem hê. Indien daar 'n staking van stemme, sal die Voorsitter die beslissende stem uitbring.
  - j. Stemming rakende ampte geskied per stembrief.

#### 40. **Spesiale Algemene Vergadering:**

- a. Benewens die Algemene Vergaderings kan 'n Spesiale Algemene Vergadering ook deur die Bestuur belê word.
- b. Skriftelike kennisgewings van sodanige Spesiale Algemene Vergadering sal minstens 14 (veertien) dae voor die vergadering aan lede gestuur word. Sou 'n Spesiale Vergadering belê word as gevolg van 'n nood situasie sal die 14 (veertien) dae kennis nie van toepassing wees nie – so 'n vergadering mag slegs deur die Bestuur belê word.
- c. Behalwe die sake waarvoor die vergadering byeengeroep is, mag geen ander sake tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering bespreek word nie.

#### 41. **Kworum By Vergaderings:**

- a. By Algemene Jaarvergadering vorm die teenwoordige opbetaalde lede (ongegag die getal) 'n kworum.
- b. Enige wysiging van die grondwet kan alleenlik tydens 'n Algemene Jaarvergadering plaasvind. Vir dié doel van sodanige wysiging is 'n twee-derde meerderheid (66%) van die stemkrag van teenwoordige lede nodig.
- c. 'n Kworum by 'n Spesiale Vergadering van die Klub sal uit 30% (dertig) van die ten volle opbetaalde lede van die Klub bestaan. Indien 'n kworum nie gevorm kan word nie, sal die vergadering vir 30 minute verdaag word, waarna die lede aanwesig 'n kworum geag sal word.
- d. 'n Kworum vir enige bestuursvergadering sal uit 4 (vier) lede, insluitend die Voorsitter en Sekretaris/Sekretaresse, bestaan.
- e. Junior lede sal geen stemreg hê nie.

## **H. ETIESE KODE**

42. Dit word van elke lid verwag om hom/haar streng by die bepaling van hierdie grondwet te hou.
43. Dit word van lede verwag om oral en ten alle tye so op te tree dat die goeie naam van die Klub nie geskaad en/of benadeel word nie.
44. Dit is die plig van elke lid om oor die belange van die Klub te waak en enige ongerymdhede onder die aandag van die Bestuur te bring.
45. Dit word van lede afsonderlik en/of gesamentlik verwag om 'n positiewe bydrae tot die groei en ontwikkeling van die Klub te lewer.

## **I. OORTREDINGS**

46. Vir die goeie orde en dissipline binne die Klub is alle lede van die Klub onderworpe aan dissiplinêre maatreëls teen die volgende oortredings:
  - a. Wanpraktyke, van welke aard ook, wat strydig is met die gees en karakter van die Klub.
  - b. Die toevallige en/of moedswillige verbreking en ontduiking van die bepalings van hierdie grondwet.
  - c. Enige optrede en/of gedrag wat afbreek doen aan die belange en goeie naam van die Klub.

## **J. DISSIPLINÊRE MAATREËLS**

47. Die Klub en die Bestuur is verantwoordelik vir die dissipline van die lede en het die mag om enige aanklag(tes) teen 'n lid/lede aan te hoor, op te stel, te ondersoek en daarvoor te besluit.
48. Die Bestuur het ook die mag om een of meer van die volgende dissiplinêre maatreëls, na skuldigbevinding van 'n lid/lede van die Klub, te oorweeg. Enige lid wat oortree, stel homself/haarself aan dissiplinêre maatreëls bloot en aanvaar terselfdertyd volle verantwoordelikheid vir sy/haar eie uitsprake en wat daaruit mag voortvloei:
- Tereg te wys en te waarsku.
  - Tydelik of permanent van amp te onthef.
  - Lidmaatskap mag opgehef word.
  - Enige ander dissiplinêre maatreëls, na goeëdunke, op te lê.
49. **Werkwyse van die Bestuur:**
- Die Bestuur mag, volgens eie diskresie en nadat die lid die geleentheid gehad het om sy/haar saak te stel, enige van die bogenoemde strafmaatreëls toepas. Die Bestuur behou die reg voor om getuies te versoek om die dissiplinêre verrigtinge by te woon. By versuim/weiering of afwesigheid om te verskyn by die plek, tyd en datum soos deur die Bestuur bepaal, sal dit as 'n erkenning van skuld aanvaar word en die lid is summier geskors.
  - Indien 'n persoon, wie se lidmaatskap van die Klub beëindig is omdat hy/sy strydig met Klousule H opgetree het, sal hy/sy nie weer tot die Klub toegelaat word nie.
  - Die lidmaatskap van enige lid, wie se lidmaatskapsgeld vir 'n tydperk van meer as 3 (drie) maande nadat die finansiële jaar begin het, onbetaald bly, is "*ipso facto*" beëindig. So 'n persoon mag egter weer om lidmaatskap aansoek doen, maar aansoek is onderhewig aan voorwaardes soos deur die Bestuur bepaal.

## **K. JAARTERMYN**

50. Die jaar- en finansiële termyn van die Klub strek vanaf 1 Maart van die betrokke jaar tot die laaste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar.

## **L. AFFILIASIE**

51. Die Klub sal jaarliks affiliasie met ander liggame/verenigings oorweeg wat in een of ander opsig van hulp kan wees om die doelstellings van die Klub te fasiliteer of te bevorder. Affiliasie word slegs oorweeg op voorwaarde dat die grondwet van so 'n affiliaal nie enige klousule van hierdie grondwet weerspreek of in stryd daarmee is nie.
52. Slegs 'n Bestuurslid/Addisionele lid deur die Bestuur genomineer, mag as 'n lid/waarnemende/afgevaardigde na 'n geaffilieerde liggaam gestuur word om opdragte uit te voer.

## **M. ONTBINDING**

53. Die Klub mag nie beëindig of ontbind word nie behalwe deur 'n besluit wat bekragtig moet word deur nie minder as 80% van die aanwesige stemgeregtigde lede by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering wat spesiaal vir die doel van ontbinding belê is, nie.



54. By ontbinding moet die bates van die Klub vir ten minste 3 (drie) jaar in trust gehou word, waarna dit aan enige ander liggaam wat dieselfde doelwitte het, oorgedra kan word.
55. Die Bestuur sal na ontbinding as likwidateur van alle bates van die Klub opgetree en vir sodanige doel sal die Bestuur, ten spyte van die ontbinding van die Klub, bly voortbestaan.

## **N. AANVAARDING EN IMPLEMENTERING**

56. Die grondwet is van toepassing na aanvaarding daarvan tydens 'n Algemene Stigtingsvergadering.
57. Wysigings van die grondwet vind jaarliks plaas ooreenkomstig die bepalings soos uiteengesit tydens die Algemene Jaarvergadering.
58. Hierdie Grondwet is goedgekeur vir implementering op die 24<sup>ste</sup> Januarie 2011.
59. Hierdie Grondwet is nagesien en opgedateer op die 17<sup>de</sup> Julie 2015.

---

Voorsitter:

\_\_\_\_\_  
Naam en Van

\_\_\_\_\_  
Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

---

Sekondant:

\_\_\_\_\_  
Naam en Van

\_\_\_\_\_  
Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

---

Sekretaris/Sekretaresse:

\_\_\_\_\_  
Naam en Van

\_\_\_\_\_  
Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

---